

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
8 Mei 1978
Pinksterdiens 5

Onderwerp: Die wysheid van die wêreld is
dwaasheid voor God

Lees: 1 Korinthiërs 2 verse 1 - 12
1 Korinthiërs 3 verse 1 - 5

Teks: Selde as hierbo

Sing: Psalm 118 vers 1
Gesang 151 vers 4

“Broers en Susters, dit gaan vanaand oor die wysheid van God, met ’n verrassende klem op die eenheid van die Kerk.

“Die Apostel Paulus kontrasteer al in die eerste hoofstuk van hierdie brief die wysheid van God teenoor die wysheid van die wêreld.

“Die Evangelie is vir die wêreld onaanvaarbaar: ‘... ’n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke’. (1 Kor 1:23) Maar wat in die wêreld se oë wysheid is, is dwaasheid voor God; en God gebruik hulle wat volgens die wêreld dwaas is om sy wysheid te openbaar. Die wysheid van God en die wysheid van die wêreld staan dus teenoor mekaar.

“Paulus skryf: ‘En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing; en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God.’ (1 Kor 2:1-5)

“Die kern en inhoud van Paulus se boodskap is Jesus Christus die gekruisigde.

“Paulus kom met veel vrees na die Korinthiërs ná die swak reaksie op sy prediking in Athene. Hy sê dat hy die Evangelie aan hulle verkondig het in swakheid, in vrees en in veel bewing en nie in oordrewe woorde van menslike wysheid nie. Hy weet dat die krag van sy boodskap nie in menslike vertoon geleë is nie. Die feit

dat die Korinthiërs tot geloof gekom het, was nie weens Paulus se redenaarstalent; óf dat hy hulle emosioneel oorrumpel het met sy prediking nie. Nee, dit kan alleen toegeskryf word aan die krag van die Heilige Gees. En nou wil Paulus vir die Korinthiërs sê dat dit hulle troos moet wees. Hulle geloof het nie tot stand gekom deur wysheid van mense nie. Nee, hulle geloof is veroorsaak deur die krag van God deur die Heilige Gees. (1 Kor 2:4,5)

“Gemeente, ook in ons tyd moet ons waarsku teen prediking wat eensydig emosioneel is. Prediking wat mense met allerlei vreeslike verhale tot trane kan beweeg. As iemand hom na só ’n preek bekeer, is dit dalk omdat hy emosioneel oorrumpel is. Nee, Jesus Christus moet in die sentrum van die prediking wees. As iemand onder só ’n preek tot ander insigte kom, kan hy weet dat dit die werk is van die Heilige Gees.

“Paulus skryf: ‘Maar ons spreek die wysheid van God, *wat bestaan* in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlijkheid, wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie - want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlijkheid nie gekruisig het nie’. (1 Kor 2:7,8) God se wysheid bestaan in verborgenhede. En by Paulus beteken hierdie verborgenheid iets wat verborge was, maar wat nou geopenbaar is. Daarom staan daar ook dat ons nou weet wat die wysheid van God is, maar die wêreld ken dit nie, want as hulle die wysheid van God geken het, sou hulle nooit die Here Jesus gekruisig het nie. Maar hulle het daardie wysheid nie, want hulle het Hom met natuurlike oë bekyk. (1 Kor 2:9) Hulle het nie na Hom geluister met ore wat die Heilige Gees aangeraak het nie. Hulle het oor Hom gedink met ’n hart en verstand wat nie wedergebore was nie. En só kan ’n mens die wysheid van God nooit verstaan nie. Die wysheid van God is vir die wêreld ontoeganklik. (1 Kor 2:7-9)

“Maar hoe kan die wysheid van God dan geken word?

“God het dit geopenbaar.

“Aan wie?

“Aan ons. Ons wat Hom liefhet. (1 Kor 2:9) Ons wat ons lewe aan Hom gegee het.

“Hoe het Hy dit aan ons gegee?

“Deur sy Gees. En nou volg die beskrywing van die werk van die Heilige Gees wat só aangrypend mooi is. Die Apostel Paulus sê: ‘Maar God het dit aan ons deur

sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.’ (1 Kor 2:10)

“Die Gees is die groot navorser van die Goddelike plan. Broers en Susters, die Gees het vir ons die Bybel gegee; en dit is die Gees wat die Woord van God aan ons verklaar. Dit is die Gees wat die dieptes van God aan ons openbaar.

“Wat is hierdie dieptes van God wat die Gees ondersoek? Broers en Susters, dit is nie een of ander onbegryplike donker dieptes nie. Die dieptes van God is die Evangelie wat ons uit onself nie kon leer ken nie, maar wat deur die Gees aan ons geopenbaar is. Ons ken die Evangelie want ons het die Gees van God ontvang. (1 Kor 2:12) Die natuurlike mens kan hierdie dinge nie verstaan nie.

“As ’n onbekeerde vir jou sê dat dit dwaas is om jou lewe aan God te gee, moet jy nie toelaat dat hy jou beoordeel nie, want hy verstaan nie waarom dit gaan nie. Moenie dat die oordeel van die wêreld jou beïnvloed nie. Paulus sê hy laat hom deur niemand beoordeel nie - God beoordeel hom.

“Hierteenoor kan jy wél die wêreld om jou verstaan en verstaan wat God se doel in hierdie wêreld is, omdat die Gees die wysheid van die Evangelie aan jou geopenbaar het.

“In hoofstuk 3 gee Paulus op merkwaardige wyse vorm aan die wysheid van God: ‘En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie’. (1 Kor 3:1,2)

“Gewoonlik verstaan ons die eerste twee verse van hoofstuk 3 verkeerd. Ons verstaan dit as ’n verwyt aan die gemeente. Maar Broers en Susters, dit is geen verwyt nie. Die Apostel verwys hier na sy eerste prediking aan die Korinthiërs, toe hulle tot bekering gekom het. Toe was hulle soos pasgebore kindertjies - klein kindertjies in die HERE. Toe moes hy hulle met melk voed. Hy kon hulle nog nie vaste kos gee nie.

“Die Apostel praat hier van die begin van die Christelike lewe. Dan is die gelowige nog ’n klein kind in die HERE, dan kan hy nog nie al die wysheid van God verstaan nie. Daar moet eers ’n fondament gelê word.

“Maar dan kom die verwyt: ‘en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie

na die mens nie?’ (1 Kor 3:2,3) Paulus wil sê: Maar gemeente wat ek teen julle het, is dat julle nog nie geestelik is nie, maar vleeslik, omdat julle jaloers is en twis onder mekaar.

“Watter twis was daar? Paulus noem dit: ‘Want as die een sê: Ek is van Paulus; en die ander: Ek van Apollos - is julle nie vleeslik nie? Wie is Paulus dan, en wie Apollos anders as dienaars deur wie julle gelowig geword het? En dit soos die Here aan elkeen gegee het.’ (1 Kor 3:4,5)

“Broers en Susters, daar word dikwels in gemeentes groepe gevorm wat grense tussen hulle oprig. As dit gebeur noem Paulus daardie gelowiges vleeslik - wanneer daar nie sigbare gemeenskap tussen gelowiges is nie. Christus Jesus is nie verdeeld nie, daarom kan sy liggaam ook nie verdeeld wees nie. Daar mag geen verdeeldheid in die gemeente van Jesus Christus wees nie.

“Broers en Suster, is ons nie ook in ons eie lewens so in groepe verdeel nie? Gereformeerdes, Baptiste, Charismate?

“Dit is nie verkeerd om Gereformeerd te wees nie, maar as dit my onwillig maak om enige gemeenskap te hê met Christene uit ander kerke wat ook die HERE dien, is dit sonde. Dan word dit groeppvorming. In Christen leef in wese net vir Jesus Christus; en hy lewe in gemeenskap met almal wat van Jesus Christus is.

“Is die eenheid van die kerk ’n geestelike saak? Ja, die Gees sê daar mag geen verdeling wees nie. Die Gees sê: jou lojaliteit aan Calvyn, Apollos of Paulus mag jou nie afsluit van ander gelowiges nie.

“Dit is in 1 Korinthiërs 3 die wysheid van God en as ons nog nie daar gekom het nie, is ons nog vleeslik.

“Amen.”

Kommentaar:

Wat skakeling met ander kerke betref, is daar onderskeidingsvermoë nodig.

Neem die nuwe NG Kerk as voorbeeld. Daar is sekerlik nog vele ware Christengelowiges in hierdie kerk wat ons broers en susters in Jesus Christus is.

Hierteenoor verkondig dié kerk, wat deur die Vrymesselary gekoop is, nou *Gnostisisme* onder die vaandel van die *Nuwe Hervorming*. Volgens dié *New Age* lering was Jesus ’n gewone mens wat nie uit ’n maagd gebore is nie; en het Hy eers ’n Christus geword

toe die Christusgees tydens sy doop op Hom neergedaal het. Hiervolgens het die Christusgees Hom met sy dood aan die kruis verlaat, waarna Jesus se menslike liggaam nie uit die dood opgestaan het nie, maar ontbind het. Volgens hierdie lering is dit Jesus se Gees wat in die harte van mense voortleef.

Hierdie lering ontken dat Jesus as Christus gebore is; met ander woorde dat Jesus Christus in die vlees gekom het. Dit verkondig verder dat elke mens die potensiaal het om 'n Christus te word; en dat Boeddha 'n Christus was.

Hierteenoor skryf die Apostel Johannes, een van Jesus Christus se dissipels wat saam met Hom geleef het, in 1 Johannes 4 verse 1 tot 6:

“Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle. Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling.”

Johannes skryf in 2 Johannes 1 verse 7 tot 11:

“Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris. Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang. Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hý het die Vader sowel as die Seun. As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie. Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bouse werke.”